

ANALISE VAN DIE TSWANARAAISEL

1. INLEIDING

'n Strukturele, stilistiese en funksionele beskrywing van die Tswanaraaisel bring mee dat daar aan die volgende aspekte aandag gegee moet word:

- Wat is 'n raaisel en hoe word dit in Tswana genoem.
- Tot watter studiegebied en literêre genre hoort die raaisel en watter subvorme kan vir Tswana onderskei word.
- Hoe sien die struktuur van Tswanaraaisels daar uit.
- Deur wie, waar, wanneer en hoe word Tswanaraaisels voorgedra.
- Watter stilistiese kenmerke kan in Tswanaraaisels onderskei word.
- Watter funksies vervul raaisels in 'n Tswanagemeenskap.

2. WAT IS 'N RAAISEL EN HOE WORD DIT IN TSWANA GENOEM?

2.1 Wat is 'n raaisel

Daar bestaan talle definisies en omskrywings van wat 'n raaisel is (Georges en Dundes, 1963:113, Guma, 1967:39, Gowlett, 1979:47, Cole-Beuchat, 1957:133, Schapera, 1932:215). Die belangrikste kenmerke wat deur bogenoemde persone uitgelig word, is die volgende:

- Die raaisel is tradisioneel omdat dit mondeling van die een geslag na die ander oorgedra word.
- Dit is 'n verbale uitdrukking en val dus in die kader van tradisionele mondelinge gebruike.
- Dit bestaan ook uit een of meer beskrywende elemente waarin leidrade vir die identifisering van 'n bepaalde objek of item voorgehou word en dan geraai moet word wat dit is.

Met inagneming van bogenoemde kenmerke kan 'n raaisel soos volg omskryf word:

Dit is 'n taalspel waarin versluierde semanties-distinktiewe kenmerke van 'n bepaalde objek voorgedou word wat daartoe aanleiding kan gee dat die regte ekwivalent geraai of verskaf moet word. 'n Soeke word op tou gesit om die regte antwoord te verskaf.

Vergelyk die volgende voorbeelde:

Raaisel: Diphiri tsê tlhano tsê di tsê nang mô mosimêng.
Vyf wolwe wat in 'n gat ingaan.

Antwoord: Ke mhenwana
Dit is vingers

Raaisel: Tlhotlhora boupi o jê kgêtsi.
Skud die meel uit en eet die sak.

Antwoord: Ke mogôdu.
Dit is 'n pens.

2.2 Wat word 'n raaisel in Tswana genoem?

Raaisels staan in Tswana onder verskeie name bekend. Vergelyk Cole, 1931:523:

Ekv. nyôba/nywaba lelepa	mv. dinyôba/dinywaba malepa
---------------------------------------	--

By hierdie lys kan volgens Schapera (1931:215) ook gevoeg word:

Ekv. thabalakane thabalakwane	mv. dithabalakane dithalakwane
--	---

Thabalakwane is slegs 'n variante vorm van eersgenoemde. Uit die drie benamings word thabalakwane/dithabalakwane as die mees tiperende en die algemeenste woord voorgestel.

3. DIE STUDIEGEBIED EN LITERÊRE GENRE WAARTOE DIE TWSANARAAISEL HOORT

Die bestudering van die raaisel word veral deur twee studiegebiede opgeëis, nl. die *folklore* en *letterkunde*. Dit bring mee dat die raaisel deur hierdie twee

dissiplines vanuit verskillende perspektiewe en standpunte bestudeer word. Hierdie dualistiese optrede veroorsaak soms dat bestudering van raaisels vir die belangstellende persoon heelwat teenstrydighede verskaf.

3.1 Folklore eis die bestudering van die raaisel op


Die bestudering van die raaisel word veral deur die folklore opgeëis (Dundes, 1965:5, Dorson, 1972:15-20, Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Taylor, 1965:19, Francis Lee Utley, 1965:17). Dit word gesien as geestelike besit wat in mondelinge vorm oorgedra word. Daar word na raaisels gekyk en daarmee gehandel as veral 'n aspek van kultuur en as sodanig word slegs maatstawwe aangê om die kulturele waarde daarvan te bepaal.

3.2 Die letterkunde eis die bestudering van die raaisel op

Finnegan (1970:1-25) sien die mondelinge folklore (ook die raaisel) as horende tot die studiegebied "*oral literature*". Hiermee word die studie van die raaisel binne die arena van die letterkunde ingetrek. Dit bring mee dat die literêr-wetenskaplike norme ook op die bestudering van die raaisel toegepas kan word.

3.3 Die plek wat die raaisel tussen die studiegebiede inneem

Die plek wat die raaisel tussen die twee studiegebiede inneem asook die literêre genre waartoe dit hoort kan soos volg voorgestel word (Swanepoel, 1982:8):



Raaisels kan vanweë die wyse waarop die taalelemente in die samestelling daarvan gebruik word, as horende tot die liriese werke geklassifiseer word. Die volgende subvorme van die raaisel in Bantoetale word deur Gowlett (1979:47-65) onderskei:

- Ware raaisels. Dit is die raaisels wat uit een of meer sememe (samestellende dele) opgebou is d.w.s. raaisels waarin daar sekere semanties-distinktiewe kenmerke van 'n voorwerp gegee word.
- Spreekwoordraaisels. Dit is raaisels waarin spreekwoorde voorkom.
- Tweetalige raaisels. In hierdie raaisels is die raaisel en antwoord in verskillende tale.
- Toonraaisels. In hierdie raaisels is daar 'n ooreenkoms in toon tussen die raaisel en die antwoord.
- Probleemraaisels. Dit is raaisels wat heelwat langer as die ander tipe raaisel is, en waarin daar ook nie 'n duidelike ooreenkoms tussen die raaisel en die antwoord is nie.
- Gebonde raaisels. Dit is raaisels wat 'n vaste vorm het en nie gewysig kan word nie.

Van al hierdie subvorme wat onderskei word, kom slegs ware raaisels in Tswana voor.

4. DEUR WIE, WAAR, WANNEER EN HOE WORD TSWANA-RAAISELS VOORGEDRA

4.1 Wie vra raaisels

Die vra van Tswanaraaisels is 'n aktiwiteit wat gewoonlik deur jongmense of kinders beoefen word. Dit kan persone van beide geslagte wees. Twee persone is gewoonlik by die vra van raaisels betrokke maar groepe kan ook hierby betrokke wees. In laasgenoemde geval word die vra en antwoord van die raaisel gewoonlik deur die leier van die groep waargeneem. Soms kan enige persoon uit 'n groep ook hierdie rol vervul. Volwasse persone neem slegs by uitsondering aan die vra van raaisels deel. Dit kom slegs voor waar jonges touwys gemaak word in die wyse waarop raaisels gevra word.

4.2 Waar en wanneer word raaisels gevra

Raaisels kan op enige plek en enige tyd voorgedra word. Die vra van raaisels is 'n familiegeleentheid en as sodanig word dit gewoonlik in die huis, langs die vuur, by die veepos en/of êrens op die werf voorgedra. Alhoewel dit deesdae byna enige tyd gevra kan word, het dit meestal in die aand plaasgevind wanneer die dagtaak afgehandel is. Die rustige verwyd van tyd het veral aanleiding daartoe gegee. Dit was taboe om raaisels gedurende die dag voor te dra (Junod, 1927:22, Dipale, 1978:18). Dit is ontmoedig omdat die dagtaak, oppas van vee, huiswerk en allerhande take, daaronder sou lei. Die hedendaagse geslag is bewus hiervan maar steur hulle nie meer daaraan nie.

4.3 Hoe word die raaisels gevra

Die genot wat persone uit raaisels put, is geleë in die wyse waarop die kompetisie tussen die twee partye verloop. Om 'n raaisel te vra staan bekend as *go tlhaba dithabalakwane*.

Een party begin deur 'n raaisel te vra en hou vol daarmee solank die teëparty die raaisels oplos d.w.s. die regte antwoord verskaf. Hierdie proses word voortgesit totdat daar nie 'n antwoord verskaf kan word nie. Die persoon wat begin het, sê dan: *A di tle marêkwa/Laat hulle gekoop word*. Die aanvanklike teëparty vervul nou die rol van vraer totdat die persoon wat begin het ook vasgevra is. Eersgenoemde (aanvanklike teëparty) sê dan: *Mpolêllê ya gago!/sê my joune!*

Nadat die antwoord verskaf is, sê hy dan: *Le nna ya me ke ... /Myne ook, is ...*

Hierdie proses word herhaal en die persoon wat die meeste korrek kan antwoord, is die winner.

5. DIE STRUKTUUR VAN TSWANARAAISELS

5.1 Algemeen

Volgens Georges en Dundes (1963:113) onderskei Petsch vyf elemente in die struktuur van 'n raaisel, nl.

- i. Introduction frame element — the formulae to introduce riddles.
- ii. Denominative kernel element — the response from the audience to the riddler asking what is he going to riddle about.

- iii. Descriptive kernel element — the riddle itself.
- iv. Block element — positive or negative.
- v. Concluding frame element — the element which conclude the riddle.

Hadebe (1979:57) het hierdie struktuur met geringe wysigings op Zoeloe toegepas. Met die struktuur soos uiteengesit deur Petsch, en die toepassing van Hadebe kan die struktuur van Tswanaraaisels soos volg uiteengesit word:

5.2 Bekendstellingsformule

Dit is die inisiële gedeelte waardeur die atmosfeer geskep word sodat raaisels gevra kan word. Die *volvoorm* wat onderskei word is:

Mpoléllé dilô, o mpoléllé gore ...
Sê vir my iets, sê vir my dat ...

Verkorte vorme kom voor nadat die regte atmosfeer geskep is, nl.

Mpoléllé gore ...
Sê vir my dat ...

Mpoléllé ...
Sê vir my ...

5.3 Respons van die wedyweraar

Dit kom gewoonlik aan die begin voor en dui aan dat die uitdaging aanvaar word.

Ke tla go bolélla
Ek sal jou sê (antwoord)

5.4 Die raaiselligaam

Die raaisel word volledig voorgedra, bv.

Metse mô mpêng ya thaba.
Statte aan die kant (pens) van 'n berg.

5.5 Die vraag word dan gestel, nl.

Ke eng?
Wat is dit?

5.6 Heropvraging

Indien die wedyweraar nie goed gheoor het of goed verstaan het nie, kan die raaisel weer opgevra word. Dit word hoogstens tweekeer toegelaat. Daar word gevra:

E boêlêtsê!
Herhaal dit!

Botsa gapê re utlwê!
Vra weer dat ons kan hoor!

Boêlêtsa!
Herhaal!

5.7 Die antwoord kan dan verskaf word:

Ke ditsêbê
Dit is ore

5.8 Blokkering

Hier verskaf die vraesteller die uitslag van die raaisels, nl.

Go siame!
Dit is goed/reg!

O a fosa!
Jy het dit verkeerd.

5.9 Verdere verskaffing van antwoord

Dit word slegs vir 'n tweede keer toegelaat waarby weer 'n blokkering plaasvind.

Voorbeeld:

- A. Mpolêllê dilô, o mpolêllê gore ...
Sê vir my iets, sê vir my dat ...

- B. Ke tla go bolêlla.
Ek sal vir jou sê.
- A. Sedibana sê se sa kgaleng.
'n Fonteintjie wat nie droog word nie.
- A. Ke eng?

Wat is dit.
- B. Boêlêtsa!
Herhaal!
- A. Sedibana sê se sa kgalêng.
'n Fonteintjie wat nie droog word nie.
- B. Ke molomo.
Dit is 'n mond.
- A. Go siame.
Dit is goed/reg.

Hierdie struktuur word gewysig en kan in verkorte vorme gegee word solank dit verstaan word. Dit word ook baie beïnvloed deur die stemming tydens die proses van raaiselvra.

6. DIE STILISTIESE KENMERKE VAN DIE TWSANARAAISEL

Die raaisel moet soos in 3.3 aangetoon is, gesien word as 'n subgenre van die mondelinge letterkunde. Dit is daarom belangrik dat literêr-wetenskaplike maatstawwe toegepas word in die evaluering daarvan. Die volgende is die mees uitstaande stilistiese kenmerke van die Tswanaraaisel.

6.1 Die gebruik van ideofone

Ideofone speel 'n belangrike rol in raaisels. Cole (1955:370) omskryf 'n ideofoon soos volg:

Ideophones are vivid vocal images or representatives of visual, auditory, and other sensory or mental experiences.

'n Voorbeeld waarin hierdie funksies vervul word is:

Raaisel: Bana ba makgoa ba dutsê mô ditulông. Thêlêlê, ba ilê!
Blanke kinders sit op stoele. Woerts weg is hulle.

Antwoord: Ke menwana
Dit is vingers.

Die beweging van die vingers wanneer 'n hand toegemaak word, word hiermee treffend voorgestel.

6.2 Verkleining en vergroting

Die diminutief agtervoegsel word baie aan naamwoorde gesuffigeer. Dit word veral gedoen deur groot voorwerpe as klein voor te stel en sodoende 'n leidraad te verskaf wat maklik geraai kan word.

Raaisel: Basimanyane ba ba tlojang dithaba tsôtlhê.
Seuntjies wat oor al die berge spring.

Antwoord: Ke matlhô.
Dit is oë.

Raaisel: Dithabana tsê pêdi fa thoko ga tselâ.
Twee bergies langs 'n pad.

Antwoord: Ke mabêlê.
Dit is borste.

Vergroting:

In sommige raaisels word sekere objekte voorgelou as baie groot terwyl hulle in der waarheid klein is.

Raaisel: Rrê o na le tshemo ê kgolo fêla mabêlê a têng le legôfi ga a tlale.
Vader het 'n groot land maar die koring daarin maak nie 'n hand vol nie.

Antwoord: Ke inoriri
Dit is hare.

Die hare op 'n mens se hoof word vergelyk met die graan op 'n groot land.

6.3 Metafore

Metafore kom baie in raaisels voor juis omdat in 'n metafoer die a-normale beklemtoon word. Die verband tussen die antwoord en dit wat geïmpliseer word, kan baie goed in 'n metafoer verhul word.

Raaisel: Dipudi tsê di golêgilwêng mô tshingwanêng.
Bokke wat in 'n tuin vasgemaak is.

Antwoord: Ke maphutshe.
Dit is pampoene.

Bokke wat in 'n tuin vasgemaak is, is soos pampoene wat aan die stoel met hulle ranke verbind is.

Raaisel: Ntlo e tshwêu e se nang lebati.
'n Wit huisie wat nie 'n deur het nie.

Antwoord: Ke lee.
Dit is 'n eier.

'n Wit huisie wat nie 'n deur het nie is beslis 'n eier.

6.4 Eufemisme

Eufemismes kom ook algemeen in raaisels voor. Kinders word veral hierdeur geleer om sekere dinge en verskynsels met respek en eerbied te behandel. 'n Voorbeeld hiervan is:

Raaisel: Mêtsana mô le thabana môlê.
Watertjies hier en 'n bergie daar.

Antwoord: Ke moroto le masepa
Dit is urine en ontlasting.

6.5 Humor

Humor is ook 'n integrale deel van raaisels. Die volgende voorbeelde illustreer dit baie duidelik:

Raaisel: Mma ntshwarê ke nyê.
Ma houvas my dat ek kan ontlas.

Antwoord: Ke nkô.
Dit is 'n neus.

Raaisel: Sa ntswa se ka kwa morago, sa motho se ka kwa pele.
'n Hond s'n is agter 'n mens s'n is daar voor.

Antwoord: Ke mangole
Dit is knieë.

Raaisel: Mo apolê mosese o jê monate.
Trek haar rok uit en eet lekker (eet die lekkerte).

Antwoord: Ke dikgôbê
Dit is kaboemielies.

6.6 Samestellings

Samestellings kom ook algemeen voor omdat in een so 'n woord 'n groot omhaal van woorde saamgevat word.

Raaisel: Nônyane tsa masêlakgakala.
Voëls van ver-gaan-kossock.

Antwoord: Ke matlhô.
Dit is oë.

Raaisel: Lapa la Mmasckôkôthêlang.
Skermmuur moeder-slaan-dit-in.

Antwoord: Ke mênô
Dit is tande.

6.7 Antonieme

Antonieme kom dikwels voor en verhoog die raaiselagtigheid van hierdie genre.

Raaisel: Tshwêu ya wêla, ntsho e a tthatloga.
Die witte daal af en die swarte gaan op.

Antwoord: Ke boupi le lentswê.
Dit is meel en 'n maalklip.

6.8 Balans en ritme

Dit is 'n kenmerk wat eie is aan die raaisel omdat dit liriese kuns is.

Raaisel: Hutsênyana lee, ê nngwe lee.
Die hoedjie 'n eier, die ander deel ook 'n eier.

Antwoord: Ke lefulô le maswi.
Dit is skuim en melk.

6.9 Woordherhalings

Herhalings van woorde dra veral by tot die ritme van raaisels.

Raaisel: Satampatampa sa ya go tsalêla falê.
Dit gaan sy eie koers en gee geboorte daar.

Antwoord: Ke lekatane.
Dit is 'n makataan.

6.10 Bevelvorm

Omdat dit mondelinge woordkuns is, kom die bevelvorm ook baie voor.

Raaisel: Tlhotlhora boupi o jê kgêtsi!
Skud die meel uit en eet die sak!

Antwoord: Ke mogodu.
Dit is 'n pens.

DIE FUNKSIES WAT RAAISELS IN DIE TWSANAGEMEENSAP VERVUL

Raaisels is 'n integrale deel van die Tswana se kultuur en tradisie. Dit vervul die volgende funksies in die gemeenskap:

- Die vra van raaisels word veral ter wille van die ontspanningswaarde daarvan gevra.
- Dit is ook 'n middel waarmee intellektuele vermoë en vlugheid van denke mee getoets word.
- Raaisels maak ook gebruik van velerlei taalkundige elemente en as sodanig word Tswana daardeur verryk.
- Dit stimuleer kinders om voorwerpe rondom hulle waar te neem en lê ook 'n liefde vas vir latere ontwikkeling van prysdigters.

7. SAMEVATTING

Die bestudering van die raaisel is 'n terrein wat beslis in die toekoms aandag moet geniet omdat dit 'n taal- en kultuurskat is van onskatbare waarde. Dit is ook mondelinge taalkuns en die moderne tegnologie van klank- en beeldapparaat kan hierdie volkskuns bewaar en van 'n toekoms verseker.

8. BRONNELYS

- BROWN, J.T. 1931. *Secwana Dictionary*. London Missionary Society.
- COLE, D.T. 1955. *An introduction to Tswana Grammar*. Kaapstad: Longmans, Green & Co.
- COLE-BEUCHATT, P.D. 1957. Riddles in Bantu. *African Studies*, vol. 16, no. 3.
- DIPALE, A. 1978. "Meila ya Setswana" in *Bostwa* no. 1.
- DORSON, R.M. 1972. *African folklore*. New York: Anchor Books.
- DUNDES, A. (red.) 1965. *The study of folklore*. Londen: Prentice-Hall.
- FINNEGAN, R. 1970. *Oral literature in Africa*. Olal, Oxford: Clarendon Press.
- GEORGES, R.A. & DUNDES, A. 1963. Towards a structural definition of the riddle. *Journal of American folklore*, vol. 76.
- GOWLETT, D.F. 1979. A structural typology for Bantu Riddles. *African Studies*.
- GUMA, S.M. 1967. *The form content and technique of traditional literature in Southern Sotho*. Pretoria: J.L. van Schaik, Ltd.
- HADEBE, S.B. 1979. "Structural and stylistic analysis of Zulu riddles" in *Derde Afrikatale kongres*, Wentzel, P.J. Unisa.
- JUNOD, H.A. 1972. *The life of a South African tribe*. New York: University Books.
- SCHAPERA, I. 1932. Kgatla riddles and their significance. *Bantu Studies*, no. 6.
- SWANEPOEL, S.A. 1982. *Die Tswanavolksverhaal*. Ongepubliseerde proefskrif, UNISA.
- TAYLOR, A. 1965. "Folklore and the student of literature" in *The study of folklore*, van Dundes, A. London: Prentice-Hall.
- UTLEY, F.L. 1965. "On defining folklore in *The study of folklore*", van Dundes A. London: Prentice-Hall.
- WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL, dl. D-F. Pretoria: Staatsdrukker. 1950-1968.